# NEWSLETTTER 2017/1
# MARCH 2017

## INTRODUCTION

This is the first newsletter for this year. A special thankyou to all the people who gave feedback on the final 2016 newsletter. Your inputs are highly appreciated.

**UIT RAADSLID BURGER SE PEN** (soos dit in die 2 Oseane koerant verskyn het gedurende Maart 2017)

***Operasie Phakisa*** *(Sesotho woord vir "Maak gou ...!"). Die Departement van Openbare Werke (DOW), "eienaars" van al die kleinskaal vissershawens, het Maandag 20 Februarie 2017 'n vooraf-werkswinkel by die munisipale kantore van Overstrand, Hermanus, aangebied vir 'n aantal munisipaliteite binne wie se munisipale areas hawens is. Uiteraard het ek en enkele KAM senior personeel ons deeglik voorberei volgens voorskrifte van die Adjunk Direkteur Generaal, Mnr Dhaya Govender, en 'n detail voorlegging gemaak waartydens dringende instandhouding en opgradering uitgewys en gemotiveer is ten opsigte van* ***Waenhuiskrans en Struisbaai se hawens****.*

*Nadat al die munisipaliteite hulle voorleggings gemaak het, het die vergadering totaal ontspoor. Ons was deurentyd gelei om te glo dat DOW by munisipaliteite wou hoor watter instandhouding/opgradering vereis word sodat hulle die kosteberaming kan doen en daarna sou implementeer - soos die afgelope twee jaar reeds belowe is. Groot was ons ontnugtering toe dit duidelik word dat hulle nie oor sodanige begroting beskik nie en eerder by ons wou hoor of ons beleggers kan lok om die werk te doen soos per ons voorlegging en vereiste.*

*My vraag: "Wat gaan julle doen om julle onveilige, vervalle, onvoldoende fasiliteite in julle hawens te verbeter?" was as vyandig ervaar deur die fasiliteerder. Nodeloos om te sê het ons hierna die sessie verlaat - erg gefrustreerd. Ons het intussen 'n skrywe van DOW ontvang met 'n skedule wat aandui, volgens hulle berekening, dat daar 'n 50% kans is dat hulle Struisbaai se sleephellings en kaaie sal herstel en die hawe sal bagger ... tussen nou en 2019. Weinig sprake van phakisa volgens my.*

*Tydens die sessie is daar uiteraard ander gemeenskaplike kwessies aangeraak. Weinig van die klein hawens is slegs vissershawens. Meeste is eerder toeriste-attraksies en toeriste genereer direk en indirek 'n groter bydrae tot die plaaslike ekonomie as dit wat uit visvangste/verkope genereer word. Een so 'n hawe is Kleinbaai wat die afgelope seisoen deur ongeveer 100,000 toeriste besoek is wie 'n beraamde R50m spandeer het. Kleinbaai het 'n orde van 10 haai- en walvis kyk permithouers. Hulle "hawe" bestaan slegs uit 'n sleephelling en parkeerarea. Neem kennis, plaaslike entrepreneurs wie gewillig is om walvis kyk-ekskursies aan toeriste aan te bied vanuit Struisbaai as 'n addisionele attraksie, gaan gewis ondersteun word in permitverkryging by Provinsie. Ons moet eenvoudig kapitaliseer op die 66% jaar-op-jaar groei in toerisme na die Overberg omgewing. Moenie die rol van Kaap Agulhas Toerisme hierin onderskat nie!*

***Deproklamasie van ondergeskikte pad #4401 (Suiderstrandpad)****. Sedert 1999 is die toegangspad na Suiderstrand onder bespreking met 4 alternatiewe moontlikhede wat 'n publieke deelname proses geaktiveer het. Op 22 Februarie 2005 is deur die UBK besluit om die bestaande roete te behou - soos verkies deur 95% van inwoners wie deelgeneem het aan die Planpart opname. Op 27 Junie 2006 besluit KAM dat die bestaande pad opgradeer moet word met 'n permanente oppervlakte met ODM fondse. Op 27 Julie ontvang KAM 'n skrywe vanaf ODM waarin bevestig word dat die ODM nie meer geld beskikbaar stel vir die herstel en opgradering hiervan nie (ODM het as "padagent" opgetree vir Provinsie) en beveel KAM Raad aan om aansoek te doen vir*

*die deproklamasie van die pad. Op 4 Desember 2009 word amptelik afgekondig dat KAM oordrag van die pad neem. KAM het intussen die afgelope 5 jaar verskeie ontmoetings met die Provinsiale ministers (Carlisle en Grant) gehad oor befondsing vir die teer van die pad en is uiteindelik ingelig dat Provinsie nie 'n munisipale straat of pad mag befonds nie. Dit moet uit eie fondse kom. Die pad verbind immers twee dorpe met mekaar en is derhalwe eintlik 'n Provinsiale pad. KAM Raad, wat sedert 3 Augustus 2016 onder DA beheer is, het daarom op 27 Februarie 2017 besluit om die pad te deproklameer sodat Provinsie die opgradering kan befonds. Volgens Artikel 26 van Ordonansie 19 van 1976 moet beide partye hiertoe instem.*

***SANParke/ANP** het intussen, ter wille van hulle beplande ontwikkeling by die vuurtoring en mees suidelike punt van Afrika, besluit om nie langer op KAM/Provinsie te wag nie en het derhalwe besluit om die eerste 1,2 km self te laat plavei - teen 'n koste van R5,3m. 'n Kontrakteur is reeds November 2016 deur hulle aangestel en, volgens die ANP Parkbestuurder, is die enigste oponthoud enkele uitstaande admin vereistes waaraan die aangestelde kontrakteur moet voldoen alvorens hy die perseel kan betrek en met die projek mag begin. Hierdie aanvangsdatum is dus onbekend. Provinsie mag eis dat 'n verkeerstelling op #4401 gedoen word en dat die befondsing vir konstruksie van 'n nuwe pad daarna gerangeer word volgens prioriteit ... hulle prioriteit. Intussen sal die verbeterde instandhouding van die pad beslis in die nuwe KAM 2017/'18 begroting opgeneem word.*

***DA mandaat.** Met die euforie van die verkiesing en bedrywige somerseisoen agter die rug, is DA raadslede volstoom besig om 'n 5-jaar strategiese plan te bedink, te ontwerp en te implementeer ... terwyl ons terselfdertyd saam met die Munisipale Bestuurder en personeel onverpoos werk aan lewering van verbeterde basiese dienste. Burgemeester Swart, ten volle ondersteun deur DA raadslede, gaan eenvoudig ongestoord voort om ons dorpe fisies te laat skoonmaak ... met planne wat beraam word om dit skoon te hou. Deel hiervan sal wees om dorps ingange te verfraai en munisipale eiendomme beter instand te hou. Vele uitdagings is gelys en gaan planmatig aangepak word ... die skoonmaak van oorgroeide munisipale erwe of publieke oopruimtes is ononderhandelbaar, vervalle munisipale speelparke sal herstel word, aandag sal gegee word aan jeugontwikkeling en helaas gaan hoër orde aandag gegee word aan plaaslike ekonomiese ontwikkeling ten einde werkskepping te stimuleer ... gemik op armoede verligting of eerder welvaart skepping. Die vele onlangse navrae, onderhandelinge en transaksies in proses van en met potensiële beleggers in veral Struisbaai en L'Agulhas is meer as verblydend.*

*Die bou van 'n **nuwe polisiestasie,** teen 'n beraamde koste van R45m, op die hoek van Hoofweg en Industria Weg en waarmee dalk so vroeg soos 2018 begin kan word, alias die konsultant, argitek en landmeter wie ons op die perseel ontmoet het vroeër die maand, is goeie nuus vir vele redes.*

*Die lang lys van basiese versugtinge soos gegenereer via die GOP proses, basiese behoeftes wat voorheen jaarliks oorgesien of uitgeskuif is, laat my onwillekeurig met die volgende gedagte: **Ons dorpe, mense en infrastruktuur, is die afgelope jare afgeskeep deur 'n gebrek aan visie ...!** Om dit in die volgende 5 jaar termyn te herstel is die uitdaging wat ons as DA raadslede namens inwoners aanvaar het - met ons visie: "Saam vir Uitnemendheid / Together for Excellence / Sisonke siyagqwesa." 'n "Struisbaai/L'Agulhas/Suiderstrand Dorpvergadering" word inderdaad beplan ter wille van verbeterde twee-rigting kommunikasie.*

***Water.** In die lig van die huidige droogte wat die Wes-Kaap ervaar en die onheilspellende bespiegeling dat die Wes-Kaap gronddamme teen 2019 kan opdroog, word ek uitgevra oor die grondwater beskikbaarheid vir Struisbaai/L'Agulhas/Suiderstrand. Ek gaan poog om in die beperkte spasie 'n opsomming te gee van die status van bogenoemde. My bron; "Struisbaai Drilling & Testing Report - final document" soos opgestel deur hidro-geoloë van SRK Consulting. In die Struisbaai omgewing is 5 addisionele boorgate geboor en getoets deur AB Pumps - deur 'n gekalibreerde toets (CaIT) van 4 tot 6 stappe van 15 minute elk gevolg deur 'n watervlak hersteltoets. Hierna is die gate vir 72 uur aaneenlopend gepomp en elke gat is agterna vir watervlak herstel getoets. Watermonsters, vir makro chemiese analises, is deurgaans geneem en ge-analiseer. Watertemperatuur en pH is gemeet op bepaalde intervalle. Detail resultate is beskikbaar op aanvraag.*

***Opsomming**. Drie van hierdie 5 gate het voldoende kwantiteit en kwaliteit grondwater gelewer vir munisipale gebruik. Verder is gevind dat die gate suid van Sandsteenberg geboor, volhoubare volumes water hou in die sedimente van die Bredasdorp Aquifer. Die geraamde volume grondwater wat in die Aquifer gestoor word, is in*

*die orde van ~5.09 Mm³ op 'n diepte van 160 meter. Drie van hierdie boorgate kan 'n gekombineerde volume van 15,5 ℓ/s lewer wat gelyk is aan ~1,339 m³/d oor 'n 24 uur/dag. Dit beteken 'n beraamde ~489,000 m³/a grondwater potensiaal. Kortom, dit is baie water.*

***Ontsouting.*** *Ontsouting van seewater as drinkwater is nie nodig nie. Wat wel al gedoen word, is om brak grondwater te ontsout waar nodig - soos die aanlegte op Suiderstrand en Arniston inderdaad doen en wat daarna aan die standaarde gestel deur "South African National Standards for Drinking Water - SANS 241" voldoen soos voorgeskryf of vereis word.*

***In praktiese terme.*** *Ons het voldoende grondwater wat gepomp kan word wanneer nodig. Uiteraard moet hierdie gate toegerus word met pompe en pype, wat die water na die opgaar reservoirs kan vervoer waarna dit gesuiwer en deur ons netwerk versprei kan word. Ons uitdaging bly die voorsiening in die groeiende piek aanvraag oor Desember of overgesetsynde, ons moet aansienlike opgaarkapasiteit skep en instandhou ter wille van die piek aanvraag oor Desember van elke jaar.*

***Verkeerstelling.*** *Die Munisipale Bestuurder het opdrag gegee vir die kontraktering van 'n gekwalifiseerde entiteit om 'n verkeerstelling te doen soos vereis deur die Provinsiale Padingenieur. Indien ons hierdie toets slaag, sal ons kan begroot om die beste oplossing te implementeer ter verbetering van verkeersvloei deur Hoofweg oor veral die somervakansie.*

***Riool.*** *Die Munisipale Bestuurder het ook versoek dat 'n kosteberaming gedoen word om die Struisbaai sakekern met die rioolstelsel aan te sluit. By implikasie: die sakekern en die eiendomme aangrensend aan Hoofweg tot by die Caltex garage. Die moontlike ontwikkeling op Erf 230 (Ou Struisbaai Hotel perseel) en besigheidsuitbreiding langs Hoofweg noop hierdie konstruksie.*

*Die jaarlikse* ***herseël van bepaalde dorpstrate*** *is deel van KAM se strate onderhoudsmeesterplan. Alle strate word visueel inspekteer en aan bepaalde kriteria getoets alvorens herseling geskeduleer word. Hierdie voorkomende instandhoudingswerk van ons strate-netwerk is binne die goedgekeurde begroting en 'n beste praktyk beginsel ... wat eerder geloof behoort te word as om gekritiseer te word. In praktyk word elke straat elke 5 tot 6 jaar herseël en is gewis die rede hoekom ons strate in so 'n goeie toestand is. Ek aanvaar dat dit onnodig is om uit te wys wat die effek van nie-instandhouding op die leeftyd van ons strate sal hê.*

**GENERAL**

- **Suiderstrand Road.** Mr Pierre Massyn of Suiderstrand took the initiative of inviting the Mayor (Mr Paul Swart) and his Head of Transport and Roads (Mr John Daniels) to meet with interested parties and residents of Suiderstrand. The meeting took place at Pierre's house on Wednesday 1st March 2017. The main item on the agenda for the meeting was the state of the Suiderstrand road and what plans are in place to repair the road.

  The meeting at 18h00 was well attended by mostly residents of Suiderstrand. The Mayor and the Head of Transport/Roads briefed the meeting on the problems facing the CAM and resolved to fast track repairs to the worst areas with the available funds on this year's budget (in the order of R1m). A further R1m on the next year's budget would also be utilised for repairs to the next worst areas with the aim of having the repairs last for at least 3 to 4 years. This would hopefully coincide with the road being surfaced by the Western Cape government once the road has been returned to the Provincial Government as mentioned in the preceding articles by Councillor Burger.

  Subsequent to the meeting, the Mayor indicated to Mr Massyn via an e-mail that "***Agv die veiligheids risiko op die Suiderstrand pad gaan ons 'n afwyking doen op prosedures en behoort ons dan***

***rondom middel hierdie maand of nader aan einde van maand met herstel proses van pad te begin. Hoop ons aanbevelings werk uit**."*

A repair contract has been awarded to the Cape Agulhas Civils and work was started on Friday 24th March. The repair work will be completed within two weeks, i.e. by the 7th April '17 in time for the Easter weekend.

The repairs will include a road scraping where possible followed by the reconstruction with proper base material which will be sourced according to specification of the worst areas of the road. In order to repair as much of the worst areas of the road as possible within the allocated budget, the road will be narrowed to the standard two lanes' width.

A serious plea goes out to all the road users to please reduce your speed in order to conserve to the road for as long as possible as it has been proven that speed is the ultimate cause of road degradation.

- The Suidpunt Inwonersvereniging/Residents Association committee members for the forthcoming year are as follows:

| | |
|---|---|
| Riana Fourie | Chairperson |
| Keith Woolf | Vice Chairman |
| Petro Burger | Secretary |
| Louise Beeslaar | Finance |
| Jenny Woolf | Suiderstrand |
| Cornelia van Rooyen | Struisbaai |
| Charl Olivier | Struisbaai |
| Giel De Kock | L'Agulhas |
| Johan Taljaard | SAN Parks |
| Esmaré Coetzee | CAM |
| Carlene Swart | SAPS |

- **SAPS REPORT** (as taken from the Community Policing Forum minutes for Feb 2017)

  **Station Commander's report (Capt C. Swart)**

  It is a pleasure to be able to report that, with the large numbers visiting our precinct area during the festive season holiday period, we can report that with challenges faced, we had no serious incident reporting. The available personnel put in extra hours and often working shifts exceeding 12 - 16 hours. The positive feedback from members of the community has been overwhelming. Telephone calls and walk-ins of persons to thank the members for their excellent service and constant visibility during said time is most heartening.

  Notwithstanding the members' vigour and optimism in facing the New Year, resources and personnel remain an issue. Vehicles and the repairing process is as reported previously, daunting. With the personnel shortages at CID, Vispol was instructed to recruit operational members to fill the gap. This immediately places the shifts in an unsavoury position. We are, however, stepping up to the plate and will continue to do all we can to ensure that service delivery is not hampered. We implore the community to remain steadfast in their support toward us in strengthening our hand in the fight against crime, and we commit to continue providing the best possible policing we can.

- **The Suidpunt Events Calendar** is updated on a monthly basis. The Facebook page is administered by Maureen who can be contacted on 028 435-7185 by the 25th each month for inclusion of any events taking place in our area.

- Enige klagtes oor dienslewering moet op 'n klagtevorm ingedien word by die munisipale kantore. Dit help nie om te bel nie.

- **Versoek vir donasies aan die Suidpunt Inwonersvereniging**

  Die Suidpunt Inwonersvereniging (SIV) is 'n nie-winsgewende organisasie wat spruit uit die samesmelting van die drie dorpe van Struisbaai, L'Agulhas en Suiderstrand Belastingbetalersverenigings wat in 2010 plaasgevind het.

  Die missie van die SIV is om die belange van alle inwoners en besighede van Struisbaai, L'Agulhas en Suiderstrand te beskerm ten opsigte van munisipale dienste, dorp infrastruktuur, beplanning en besteding en, deur middel van deelname aan die Wyk 5 Komitee, enige sake van belang te bekom en via die Wykskomitee op te volg.

  Die enigste bron van inkomste tot dusver was d.m.v. donasies wat tydens die Algemene Jaarvergadering (gedurende Desember) ingevorder word. Hierdie donasies was tot op datum voldoende om die administratiewe kostes van die SIV te dek.

  As gevolg van die finansiële druk oor die afgelope paar jaar, blyk hierdie donasies nou egter onvoldoende te wees. Dit is met vrymoedigheid dat ons nou noodgedwonge die gemeenskap moet nader vir donasies sodat hierdie Vereniging kan voortgaan met dienslewering.

  U donasie sal baie waardeer word. Die SIV onderneem om die besighede in ons gebied via sy *Facebook* webblad te bevorder tot voordeel van ons omgewing hier aan die suidpunt van Afrika.

  Bankbesonderhede as volg:

  **Naam : Suidpunt Residents Association**

  **Bank : ABSA**

  **Tak : Bredasdorp**

  **Spaar rekeningnommer : 9268461130**

  Beste wense en baie dankie vir u gewaardeerde ondersteuning.

  ***RIANA FOURIE***

  Voorsitter: Suidpunt Inwonersvereniging

- If you know of any residents/owners who would like to receive this newsletter, please ask them to send me an e-mail with their name, surname, address/plot number and e-mail address to newsletter.sra@gmail.com

  ***Disclaimer:* While every effort is made to ensure that the information contained in this newsletter is correct, the use of the information is at reader's risk. If you spot any mistakes please point them out so that we can fix them.**

  ***Please take note that, if there are any suggestions regarding the improvement of the flow of information via these newsletters, you are welcome to direct these suggestions to:***

  Keith Woolf at **newsletter.sra@gmail.com**